
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - Website address: www.stangerchristiancentre.co.za

Geseënd is die man wat op die HERE vertrou! (Jer.17:7)

Die Goeie Nuus is dat ongeag jou huidige probleem, wat ookal dit mag wees, Jesus het die oplossing daarvoor, Hy is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid, en die wonderwerke want Hy in die verlede gedoen het, doen Hy nog steeds – ons sien dit elke dag! Hy leef, en omdat Hy leef, hoef ons nie moed op te gee nie, want in Jesus is daar vir ons altyd oorwinning in enige situasie. Wat wel nie hierdie oorwinning bring nie is wanneer 'n gelowige byna permanent op moedverloor se vlakte is in plaas daarvan dat sy woorde en lewenshouding **'n geur is van die lewe tot die lewe is dit eerder 'n reuk van die dood tot die dood!** (Sien 2 Kor. 2:14-17). Glo ons werklik dat Jesus, skepper van die aarde en die heelal ons probleem, ons omstandighede kan oplos? Laat ons 'n bietjie saam gesels oor die situasie hoe 'n gelowige dit behoort te hanteer en dan suksesvol daaruit te kom.

Matt. 17:14-20: En toe hulle by die skare kom, gaan daar 'n man na Hom en val voor Hom op die knieë en sê: Here, ontferm U oor my seun, want hy is maansiek en ly swaar; want dikwels val hy in die vuur en dikwels in die water. En ek het hom na u dissipels gebring, en hulle kon hom nie gesond maak nie. Toe antwoord Jesus en sê: O ongelowige en verdraaide geslag, hoe lank sal Ek by julle wees, hoe lank sal Ek julle verdra? Bring hom hier vir My.

Daarop bestraf Jesus hom; en die duiwel het van hom uitgegaan, en die seun het gesond geword van daardie uur af.

Toe kom die dissipels na Jesus afsonderlik en sê: **Waarom kon ons hom nie uitdryf nie? En Jesus antwoord hulle: Deur julle ongeloof; want voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het soos 'n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! En hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie.**

Ons tref hier 'n man aan in groot nood. Sy seun is duiwelbesete en siek. Hy kry onbeheerde aanvalle. Hy het sy seun na Jesus se dissipels gebring vir handoplegging en genesing, want hy weet van hulle gehoorsaamheid en dat hulle baie nou wandel met hulle Meester Jesus. Hierdie dissipels het vir die seun gebid en bedien soos Jesus hulle geleer het. MAAR NIKS HET GEBEUR NIE, en hulle was sekerlik moedeloos.

Maar toe kom Jesus op die toneel en ALLES VERANDER! En dis altyd só wanneer ons Hom in ons omstandighede betrek, daarom verwonder ek my altyd dat gelowiges eers oral anders rondskarrel en hulp probeer kry in hulle laagtepunt vir hulle probleme in plaas van JESUS TE BETREK heel van die begin af. Veral as dit kom by genesing: alle moontlike mediese en menslike hulp word eers ingeroep (en glo my, ek het NIKS teen dit opsigself nie!) Dan, as die genesing vir die siekte nie deur mense bewerkstellig kan word, kom hulle en probeer die Here! waarom was die oë nie in die eerste plek opgeslaan na die hemele toe nie? (Ps. 121:1) Wat van diegene wat in desperaatheid bel en moedeloos oor die telefoon vra: "Sal julle asb. vir my bid vir genesing – ek is al só lank siek". As jy dan vra of die persoon 'n gelowige is, is die antwoord bevestigend. Maar as jy sou vra of iemand al vir hulle genesing gebid het met handoplegging (Mark. 16:16-18) of met die salwing van olie (Jak. 5:14), dan is die antwoord – nee! En as jy verder uitvra waarom nie, aangesien dit tog is wat die Bybel (die Woord van die Here in wie hulle sê hulle glo) aanbeveel vir 'n siekte, dan sê hulle maar hulle kerk glo nie daarin nie! Glo my, dis dan wanneer ek persoonlik voel om my hande in die lug te gooi in moedeloosheid!

Jesus het op die toneel verskyn en die maansieke-seun se vader het voor Hom op die knieë geval en gesê: **Here, ontferm U oor my seun, want hy is maansiek en ly swaar … en ek het hom na U dissipels** (gelowiges) **gebring, en hulle kon hom nie gesond maak nie (vers 15 en 16).**

Vers 18: Daarop bestraf Jesus hom (die demoon in die seun) en die duiwel het van hom uitgegaan, en die seun het gesond geword van daardie uur af. Jesus is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde: VANDAG NOG VERANDER HY SAKE as Hy in 'n situasie ingebring word en depressie, spanning, moedeloosheid en terneergedruktheid verdwyn (Hebr. 13:8).

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Geseënd is die man ....)

En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld (Matt. 13:8).

Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie. (Hebr. 13:5)

Miskien is jy vandag op 'n laagtepunt, sommer heel onder in die dieptes. Jy is siek in jou liggaam en genesing ontwyk jou al die tyd. Of miskien is jou huweliksmaat net onmoontlik en jy bid al soveel jare vir sy/haar bekering en jy voel net jy kan nie meer langer in hierdie omstandighede aangaan nie. Of jou seun is 'n uiterste rebel en jy kan net nie 'n deurbraak kry met hom nie, tog het jy hom so toegewyd grootgemaak in die weë van God. Of julle is besig om finansieel onder te gaan en enige dag gaan die skuldeisers julle toesak.

Ek bring dan vandag met groot oortuiging en vrymoedigheid aan jou DIE OU – OU TYDING nl. Dat jy die Here se onveranderlike Woord nodig het in jou donker diepte, want Jesus het Self gesê: **Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe …… (Joh. 14:6)**

Nou sal jy dalk vir my sê dat jy al so hard probeer het, Jesus IS die Middelpunt van jou lewe en Sy Woord is lewendig binne in jou. Halleluja vir so 'n belydenis! Kom ons doen dan so 'n bietjie verder huiswerk en vra Hom vir insig en wysheid.

Hoe lyk jou persoonlike lewe?

Vir my persoonlik val die Here se Woord se soeklig altyd eerste op Mark. 11:25: **En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe.**

Onvergifnis verhinder beslis ons gebede, en dit word deur Petrus beklemtoon in die huwelik.

Lees gerus 1 Petrus 3:7 en let op dat as 'n man nie sy vrou die nodige eerbied en agting betoon nie, sy gebede verhinder sal word. Maar net so vir die vrou teenoor die man: daardie hoofstuk beklemtoon 'n heilige lewenswyse en gehoorsaamheid aan haar man vir die vrou. As sy nie so lewe nie, geld 1 Pet. 3:7 ook vir haar. As 'n man egter nie hierdie onderdanigheid van sy vrou ontvang nie, loop hy dikwels met ONVERGIFNIS in sy hart rond teenoor haar vir haar optrede teenoor hom, en die vrou wat nie met agting deur haar man behandel word nie, VERGEWE HOM NIE daarvoor nie. Dis 'n bose kringloop en ONVERGIFNIS is die euwel en mense se gebede word verhinder! In Matt. 6 verse 14 en 15 lees ons: **Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle Hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.** Deur om ander nie te vergewe nie, handig ons onsself oor aan die pynigers. Lees Matt.18:15 tot 35. (Die krag van vergifnis.)

Dis sekerlik een van die redes waarom ons in die Nuwe Testament lees dat die Vroeë Christene DAAGLIKS nagmaal geneem het. Voor hulle kon nagmaal neem moes hulle ONVOORWAARDELIK hulle medemens VERGEWE en so was hulle gestig en opgebou deur die nagmaal en hulle gebede was verhoor! Lees asb. weer ons boek die NAGMAAL EN GENESING met erns, en let op hierdie mees belangrike saak. Let op Ef. 4:32: **Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.** So, as ons gebede nie verhoor word nie, is die beste beginpunt om 'n antwoord hiervoor te vind, ons persoonlike lewens. Dawid het dit sekerlik geweet, want hy roep uit in Ps. 139:23 en 24.

Deurgrond my, O God, en ken my hart toets my en ken my gedagtes; en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg!

Paulus skryf aan die Efesiërs: **en gee aan die duiwel geen plek nie (Ef. 4:27).** As hy 'n plekkie steel, slag en vernietig hy (Joh. 10:10)

Volgens die Bybel beskerm die Here Sy kinders. (Ps. 91) Die Bloed van Jesus bedek jou. Hy trek voor jou uit en Sy Ewige Arms is onder jou. Net goedheid en guns sal jou volg al die dae van jou lewe – EN DIS ALLES WAAR! Maar die vrug van die vlees in jou lewe kan satan 'n plek gee in jou lewe om af te breek. Beywer jou vir die vrug van die Gees in jou lewe. Ek haal Gal. 5:16-26 aan: laat hierdie Woordsoeklig jou diep binnedring!

Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie; want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie.

Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie. En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.

Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Teen sulke dinge is die wet nie. Maar die wat aan Christus behoort, het vlees met hartstogte en begeerlikhede gekruisig.

As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel. Laat ons nie word soekers van ydele eer wat mekaar uittart en mekaar beny nie.

…. Laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie. Ef. 4:26.

Die Here moedig ons aan in 1 Kor. 11:31 om onsself te beoordeel; daarom is SELFONDERSOEK en REGSTELLENDE AKSIE voortdurend belangrik in 'n Christen se lewe, veral as jou gebede nie verhoor word nie en moedeloosheid dreig om jou in ' wurggreep te kry.

Is die Woord van die Here werklik nog sentraal in jou lewe?

Daar is 'n teks in Rom. 10:17 wat 'n Christen maklik verby kyk. Dit sê: **Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God.**

Waarmee kan ons ons geloof die sterkste opbou? DEUR DIE WOORD – DIE BYBEL!! Ander mense se getuienisse en geskrifte kan baie inspirerend wees, maar dis wanneer die Bybeltekste vir jou LEWEND word en die Gees van die Here hulle in jou inbrand en verseël, dat geloof diep binne in jou onwankelbaar word en groei en groei!

God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie? Num. 23:19

Maak dus seker dat jy dikwels met die Here se Woord

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2....Geseënd is die man ...)
omgaan om Sy opdragte en gebooie vir jou lewenswyse as Sy Kind te ken en uit te voer, maar veral ook om Sy Wil en Beloftes vir JOU, wat Hy ook liefhet met 'n Ewige Liefde (Jer. 31:3) vas te gryp en jou geloof daarmee sterk te hou. Dis altyd so jammer as daar vir 'n gelowige gebid word en aangemoedig word met die Here se Ewige Beloftes, dat hy teruggaan na familie en vriende en medekerkgangers, wat dikwels nie eers een van die Here se beloftes kan kwoteer nie, en net onkundig vroom oor elke sataniese aanval wil uitroep: "Dit is seker die Here se Wil!" Ons wil jou dus aanmoedig Geliefde, om saam met gelowiges te verkeer wat GELOOF IN EN KENNIS VAN SY WOORD het, sodat jou geloof daardeur bemoedig kan word. Onthou **Rom. 10:17: Geloof kom deur middel van die Woord!**

Hoe klink jou eie woorde?

Ja, ek weet maar alte goed dat die Kerk 'n geweldige oordosis gehad het van die "positive confessions – mind over matter " en "name it, frame it and claim it". Jy weet dat ons dit al dikwels in ons nuusbriewe as demonies en selfs okkulties ontbloot het. Maar, daar is tog 'n baie geldige beginsel volgens die Bybel wat ons nie moet miskyk nie, en dit is wel die mag en invloed van die mens se tong. Jak. 3 deel uitmuntent hieroor en die wyse Salomo het geskryf: **Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet (Spr. 18:21).**

Markus het ook Jesus se eie Woorde aangehaal:

Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see – en nie in sy hart twyfel nie, maar glo wat hy sê, sal gebeur – hy sal verkry net wat hy sê (Mark. 11:23)

Jy kan gerus weer ons boekie OORWINNAARSTAAL lees en opnuut let op jou woorde, want dis ook waar dat wat jou hart van vol is, loop jou mond van oor! As jou hart vol is van die Here se Woord en geloof in Sy beloftes, sal dit die taal van jou lippe wees en VOLGENS JOU GELOOF sal dinge in jou lewe manifesteer.

Is jou intellek dalk die struikelblok?

Dit klink sekerlik na 'n eienaardige vraag, maar dis 'n feit dat om te glo, as die omstandighede voor jou oë vir jou heeltemal die teenoorgestelde toon, moet jy eintlik TEEN JOU INTELLEK GLO! As 'n man aan 'n ongeneeslike kwaal ly en ek sien hoe siek hy is en ek weet dat volgens die wetenskap daar nie vir hom genesing is nie, mag ek nie dat my geloof in Jesus se Alvermoë om te kan genees, deur my kopkennis beïnvloed word nie. My intellek moet nou tweede viool speel, want die Woord is baie duidelik dat wanneer jy na Hom toe kom met jou gebedsversoeke en jy twyfel, is jy soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word en jy sal NIKS ontvang nie (Jak. 1:6-7)

Dan lees ons in **1 Kor. 1:20: Het God nie die wysheid van hierdie wêreld dwaas gemaak nie?**

1 Kor. 1:18 Want die Woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God.

Dis aan die Kruis waar daar deur Jesus se Bloed vir ons verlossing van sonde en die ewige dood gekom het, en waar daar deur Jesus se Wonde vir ons liggaamlike genesing gekom het. Vir die wêreld en die intellek was die Kruis 'n plek van uiterste nederlaag en mislukking, maar vir die gelowige is dit die KRAG VAN DIE HERE waar vir ons, Sy Kinders, oorwinning behaal is!

1 Kor. 1:27: maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam, en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam.

Hebr. 11:1: Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Jou sintuie en intellek moet op die agtergrond bly wanneer daar met die Almagtige Here gedeel word.

…. En alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde (Rom. 14:23).

Die Amplified Bybel druk dit baie goed uit: **For what ever does not originate and proceed from faith is sin – that is, whatever is done without a conviction of its approval by God is sinful.**

Al lyk die saak in jou lewe hoe hopeloos, al voel jy hoe terneergedruk, onthou dis jou emosies en intellek wat in die gedrang is: JY IS 'N GELOOFSMENS! gaan vir jou gee VOLGENS JOU GELOOF!

Hoe dikwels loof en prys jy die Here vir Sy goedheid en jou gebede wat Hy verhoor het?

Markus 11:24: Daarom sê Ek vir julle Alles wat julle: in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry. (Engels: Therefore I say unto you, what things soever ye desire, when ye pray, believe that ye receive them, and ye shall have them.)

Let op: Wanneer jy bid moet jy glo dat jy ontvang wat jy vra, nie wanneer jy ontvang nie! Met ander woorde, wanneer jy klaar gebid het, begin die Here reeds loof en dank vir dit wat Hy begin het om vir jou te doen, want hy het mos gehoor toe jy gevra het! As JY GLO dat Hy gehoor het toe jy gebid het, kan jy mos reeds begin dankie sê! Hierdie is 'n baie belangrike beginsel om te begryp, want dit verander 'n mens se hele benadering tot gebed. Psalm 100 vers 4 verduidelik baie mooi hoe ons in die teenwoordigheid van die Here moet kom. **Gaan Sy poorte in met lof, Sy voorhowe met lofgesang; loof Hom, prys Sy Naam.** (lees ook ons boekies "Hoe moet ek Bid?" asook "Slaankrag in Lofprysing").

God bewoon die lofsange van Sy volk (Ps. 22:4)

As jy dus altyd in Sy Teenwoordigheid wil wees, loof en prys Hom. Ek glo dat die teenoorgestelde ook waar is, nl. dat die Here vermy die murmurering van Sy volk! As jy dus voel dat Hy VER van jou af is, begin om Hom te loof en prys!

Ons het almal soveel om voor dankbaar te wees teenoor ons Verlosser Jesus en tog vind ons dit baie makliker om al sugtend en klaend deur die lewe te gaan, beslis nie 'n gesindheid wat tot die eer van Sy Naam is nie! As jy dus op moedverloor se vlakte is, begin om Hom te loof en prys en ondervind self wat gebeur. Prys Hom IN die omstandighede en nie VIR die omstandighede nie.

Soos ek aan die begin gesê het, is moedeloosheid ons almal se voorland een of ander tyd. As ons egter Jesus opnuut in ons situasie betrek, en ons let opnuut op die punte wat ek genoem het, glo ek dat jy nie lank daar in die diepte sal bly nie.

Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertroue die HERE is. Want hy sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is en sy wortels

(Vervolg op Bl. 4)

(Vervolg vanaf bl. 3 - Geseënd is die man….)

uitskiet by die stroom en nie vrees as daar hitte kom nie, maar sy blad bly groen; en in 'n jaar van droogte is hy nie besorg nie en hou nie op om vrugte te dra nie. (Jer 17:7-8)

In **Dan. 3 vers 16 – 18** lees ons van Sadrag, Mesag en Abednègo wie deur Nebukadnèsar in die brandende vuur oond gegooi was omdat hulle nie sy god wou aanbid nie. Maar nieteenstaande het hulle sterk bly staan in hulle geloof en geantwoord: **As onse God wat ons dien, in staat is om ons te verlos, dan sal Hy ons uit die brandende vuuroond en uit u hand, o koning, verlos; maar so nie, laat dit u dan bekend wees, o koning, dat ons u gode nie sal dien nie en die goue beeld wat u opgerig het, nie sal aanbid nie.** Ons lees in vers 25 en 26 van dieselfde hoofstuk hoe die Here Jesus saam met hulle in die vuuroond was en hoe Hy hulle bewaar en gered het.

Habakuk se gesindheid het my al baie kere geïnspireer, want hy het NIETEENSTAANDE sy ellende, die Here geloof en geprys. Probeer dit gerus en let op die wonderlike resultate!

Hab. 3:17-19: Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle sal wees nie-nogtans sal ek jubel in Die Here, ek sal juig in die God van my heil. Die Here is my sterkte, en Hy maak my voete soos diè van herte, en Hy laat my tree op my hoogtes. □



uit **Dr James** se kantoor

Liewe familie in Jesus,

Die tyd vlieg elke dag vinniger verby. Ons bevind ons self al in die tweedemaand van 2011 en die vakansie is nou weer iets van die verlede.

Al die kinders is terug op skool en studente is nou besig om beplanning vir 'n wonderlike jaar van studie. Ons bid vir aanpassing in hulle nuwe omgewing en klasse en dat hulle uitstekend hierdie jaar sal vaar, soos die Here in elke kosbare jong mens se lewe sal onderneem en in elkeen se behoefte sal voorsien.

Baie dankie vir die vriendelike boodskappe van liefde en ondersteuning wat ons gedurende Desember en Januarie ontvang het, wat altyd vir ons 'n bron van aanmoediging en opbouing is asook vir my pragtige verjaarsdag en seënwense vir die mooi gedagte en gebaar.

Dit is wonderlik om 'n Nuwe Jaar binne te gaan wetende dat ons deur die Bloed van Jesus verlos is, en dat deur Sy Bloed al my sondes vergewe is. Ons lees in 1 Joh. 1:9: **As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.**


As al ons sondes vergewe is, het ons volkome reg tot verlossing. Maar as daar enige sonde in ons lewens is wat nie bely is nie – en dus nie vergewe is nie, het ons nie volle wettige regte van verlossing in daardie area nie. Satan het nog steeds 'n reg in daardie area. Ek het baie kere die bewys daarvan in die bediening van verlossing gesien. As Satan enige reg het, sal hy dit nie opgee nie. Jy kan in sy gesig skreeu of vir 'n week vas, maar jy sal nie die situasie verander nie omdat Satan weet dat hy 'n wettige reg het wat nog nie reggestel is nie.

Nog 'n algemene manier waar gelowiges aan Satan 'n wettige reg in hul lewens gee is om ander nie te vergewe nie. Jesus het ons geleer dat God ons vergewe in dieselfde maat waarin ons ander vergewe. Ons moet bid, **" *Vergeef ons ons*** *skulde* (oortredinge), soos ons ook ons skuldenaars vergewe (hulle wat teenoor ons oortree het)" (Matt. 6:12). Ons is nie geregtig om vergifnis van God te verkry, bo die maat waarin ons ander vergewe nie (Sien verse 14-15). Daarom, as daar enige mense is wat ons nie volgens daardie maat vergewe het nie, is ons nie deur God vergewe nie. Met ander woorde, enige area van onvergifnis in ons lewens is 'n area waarin Satan steeds 'n wettige reg het. Jy kan doen wat jy wil, maar jy kan hom nie oorwin voordat jy nie wie ook al vergewe het, wat vergewe moet word nie.

Ons moet altyd onthou dat wanneer ons vergewe, ons onsself die guns bewys! (Kry ons boek Krag van Vergifnis)

Ek wil ook elkeen van julle persoonlik bedank vir julle gebede, liefde, aanmoediging en ondersteuning in elke opsig. Ons kan julle nooit vergoed nie, maar ons vra ons Hemelse Vader om dit vir julle te doen!! Hy is die gewer van alle gawes en ons vra Hom om julle in oorvloed te seën met alle geestelike

Dr James



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ek het `n baie dringende versoek: "Dat u asseblief vir Juan Grobbelaar sal bid, hy is 33 jaar oud en is getroud en het 2 klein kindertjies. Hy lê op die oomblik in die Medi Kliniek in Bloemfontein. Hulle het gister op hom geopereer. Die bloed in sy hoof slagare in sy bene het gestol, en die spesialis het vir hulle gesê dat daar niks is wat hulle vir hom kan doen nie. Hulle kan ook nie vir hom are oor plant nie. Daar is `n groot moontlikheid dat hy sy bene kan verloor. Die familie is in `n vreeslike toestand."

Red. Ons het hierdie antwoord op die gebed wat ons vir Juan Grobbelaar gebid het, die volgende dag van Corrie gekry. Prys die Here Jesus!

Ek wil net vir julle vertel die Here het ons gebede verhoor, Juan se voete en bene het weer warm geword. Sy bloedsomloop het herstel en die dokters sê dit is `n wonderwerk!! Prys die Here Hy is die God van wonderwerk. Ons loof en prys Sy Naam! Amen en Amen. Groete

Corrie Ingram, Hartswater (Januarie 2011)

Ek het in 2008 vir Bennie my skoonseun laat bid vir die redding van sy siel. Ons liewe dierbare Almagtige Vader was so goed vir ons. Daar het groot veranderinge in sy lewe plaasgevind. Al die eer aan God. Ek het ook laat bid vir my kleinseun Recardo en daar het ons dierbare Almagtige Vader vir ons uitkoms gegee. Hy bly nou by sy oupa ook alle eer aan God. Het ek ook `n werk gekry. Al die lof en die eer aan ons Here Jesus Christus. Baie liefde en groete.

Mev L Du Plessis, Springs

Ek het verlede week `n faks na die sentrum toe gestuur en versoek dat u asseblief voorbidding vir my broer Richard doen wat `n kniegvervangingsoperasie op Maandag 22 November 2010 sou ondergaan het. Die operasie was suksesvol sonder enige komplikasies!! Ek het op die 25 November 2010 `n sms van Richard ontvang waarin hy die volgende sê: "Kan knieg al 65 persent buig vandag. Nie pille gedrink nie. Dankie vir julle gebede. Dank aan ons Hemelse Vader. Lief julle.

Richard, Makwassie (26.11.2010)

Ek groet julle in die wonderlike Naam van Jesus. My beker loop oor van blydskap. Die 16de November het ek `n brief aan u gefaks omdat ek `n te kort aan finansies het vir my personeel en ander uitgawes. My Heer het voorsien. Die bank het my tegemoet gekom en binne `n kwart uur was alles liefdevol afgehandel met `n pragtige gesindheid. Ook `n familielid het te voorskyn gekom en gehelp. Ons God is so getrou en dankie vir julle getroue gebede.

Mev E M van der Berg, Lynnwoodrif (25.11.2010)

U het vir my gebid nadat ek met borskanker graad 3 gediagnoseer was, en ek is genees van die kanker. Alle eer aan ons Hemelse Vader en dankie dat julle vir my ingetree het.

Mary Mouton, Ceres (10.11.2010)

Ek wil julle net laat weet dat die Here so `n bonatuurlike wonderwerk met my jongste seun Jean Greeff gedoen het. Dit is nou meer as 4 jaar gelede wat ek `n versoek vir julle ingestuur het om vir hom te bid, na hy van Engeland so verslaaf terug SA toe gekom het. Ek het so `n tyd gelede gevra om te bid vir hom vir werk, want oral waar hy aansoek gedoen het vir werk, kon hulle op die komper sien hy het `n kriminele rekord, en die emosies wat daarmee gepaard gegaan het. Ek glo hy moes 3 maande in die gevangenis deurbring van sy verslawing en hoe hy ook daardeur gehelp kon word. Jean het nou `n vaste werk gekry en lewe nou `n baie rustige en gestabiliseerde lewe. Hy gaan gereeld die huis van die Here besoek, en het lief vir die Here geraak. Ek as sy moeder sou nie dit alles alleen kon doen nie, daarom het die Here julle gebruik om vir my `n seën te wees. Die Here kry al die Eer, lof, prys en aanbidding vir Sy grootheid. Ek bid sonder ophou vir hom want dit is wat God se Woord ons leer!!

Sus. Reta Greeff, Somerset Wes

Ek groet julle almal in die Naam van Jesus Christus. Baie dankie vir jul gebede, ek het hier in die begin Oktober geskakel om voorbidding vir my kleindogter Cornè te doen. Sy is in Pretoria in die hospitaal op geneem, die pypies wat na die blaas toe gaan was nie ontwikkel nie, en as gevolg van dit het dit na die niere opgestoot en `n geweldige koors ontwikkel en sodoende was sy kort-kort in hospitaal vir antibiotika. Maar als het baie goed verloop, toe sy uit die teater kom het sy haar bottel gedrink en sy is huis toe. Al die probleme is op `n end en sy is `n ligstraal in die familie. Al die eer aan Koning Jesus! Dankie vir jul nuusbrief wat ek so getrou ontvang. Die Here seën u en u span. Groete in Jesus Naam.

Parys (11 November 2010)

Ek moes vir `n sonar gaan sodat die dokters kon kyk na my lewer. Die dokter het die sonar gedoen baie lank daarna het hy vir my gesê dat hy niks op my lewer sien nie, en het `n ander vroue dokter gaan haal om ook te kom kyk. Sy het ook niks gekry nie. Ek het net gesê baie dankie liewe Jesus u het my gesond gemaak!!

Mev Elizabeth van Wyk, Citrusdal (15 November 2010)

Ek het geskryf en gevra u moet vir my bid vir my oog na trombose, bloedings ens in my oog. Ek het `n operasie gehad en nuwe lens gekry. Ons gebede is verhoor want die oogarts en oogkundige kan nie glo dat ek so my visie terug gekry het nie. Ek weet dit was net `n wonderwerk soos die oogarts gesê het.

Mev P van Zyl, Jansenville

THE INFALLIBLE, LIVING, ETERNAL WORD

One of the reasons why we are often not quick to respond to and act upon the Word of the Lord, is because we question the validity of the Scripture for us today. We think that because the Bible was written thousands of years ago, it could not be relevant for the time in which we are now living. Will the Lord really do for us today, what His Word said He did in times gone by? Especially when we are confronted with the real life problems that occur in this day and age. If someone were to ask you if you believed the entire Bible, you would be quick to answer, "yes, of course I do", although your life and mine may not always show it.

It is easy to respond positively after hearing a powerful teaching in church, or after listening to a good CD, or reading a faith building book and say "amen" to the truth it contains, but the real test of our faith comes when we are required to put the theory of the message into practise! This is the point where most believers try and justify their doubt and unbelief, by making excuses and giving their practical reasons.

The "faith" in the Lord and in His Word which we profess, will be tried, and the trial of our faith is necessary for our spiritual growth. Facing trials with faith in our Lord Jesus Christ and the Word, and experiencing His faithfulness as we gain the victory in the face of that trial, serves to make us stronger and it proves to us that He is trustworthy. Thus we are able to trust Him more and more during each fiery attack of Satan and his demons. **(1Pet. 1:7) That the trial of your faith, being much more precious than of gold that perisheth, though it be tried with fire, might be found unto praise and honour and glory at the appearing of Jesus Christ:**

We know that our faith in the Lord comes through His Word. **(Rom. 10:17) So then faith *cometh* by hearing, and hearing by the word of God.** So we are exhorted to cast down imaginations and every high thing in our mind which exalts itself against the knowledge of His Word in our heart (2 Cor.10:5), and this we do by wielding the **sword of the Spirit, which is the Word of God (Eph. 6:17).**

The battle would be won much sooner if we would **really believe** the full integrity of the Lord's Word! The Lord has given us every reason to - let us

(Continued on page 7)

Spesiale woord van Dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

Nuutste Boeke

Israel en Ishmael - M78 is nou beskikbaar in Afrikaans.

70 – Are You Ready? – R16.00
71 – Is Jy Gereed? – R16.00

<u>Mosterdsaad Boeke R8.00 elk</u>
M72A - Die Mens se Wysheid is Dwaasheid met God
M72 - Man's Wisdom is Foolishness with God
M47 - What is the Name of our God?
M77 - Wat is die Naam van ons God?
M75 - What is Real Faith?
M73 - Divine Wisdom for Man
M73A – Goddelike wysheid vir die mens
M76 - Bybelse Geloof triomfeer altyd oor die vyand se aanvalle
M74 - Israel or Ishmael

(Continued from page 6 - The infallible, living……)
look at what His Word says in this regard.

"My covenant will I not break, nor alter the thing that is gone out of My lips" (Psalm 89:34).

"In hope of eternal life, which God, that cannot lie, promised before the world began" (Titus 1:2).

"God is not a man, that He should lie; neither the son of man that He should repent: hath He said, and shall He not do it? Or hath He spoken, and shall He not make it good? (Num. 23:29).

In Psalm 89:34, covenant refers to promise. God is saying, **"My promise will I not break ..."** Alter means to change. **"Nor change the thing that is gone out of My lips."** This means that God will never change what He has already said in His Word. He will not break His promises, He will always keep His Word.

THE WORD IS PROPHETIC

Our proof that the Bible is the only true Word of the only True God, the God of Abraham, Isaac and Jacob and is forever established, is its uniqueness! It is unique in that one fourth of it was prophetic at the time it was written, there are between 6000 and 8000 prophecies in the bible and so many prophecies have come to pass already, exactly as prophesied. These prophecies are divinely inspired by the Lord, and their fulfilment serve as proof that our Lord exists and that His Word is true. No other religion (e.g. Islam, Buddhist, Hindu etc) contain any prophecies in their "holy" writings. They are silent when it comes to future events, because only the Lord of the Bible knows the future. Christianity is alone in that it has as its handbook, the Bible that has been written by men who received direct instruction from the Lord's Holy Spirit. It is Divinely inspired. **2 Peter 1 verse 21: …. for prophecy never came by the will of man, but holy men of God spoke as they were moved by the Holy Spirit.** This is confirmed by **2 Tim. 3 verse 16: All Scripture is given by inspiration of God….** The majority of these prophecies have already been fulfilled, and the wonder of this reality is that they have all been recorded in the Bible so that when they were, or are being fulfilled, our faith in His Word and His faithfulness to perform His Word becomes unshakeable! This fact is complete proof of the Bible's authenticity and attests to its validity and integrity, giving the Christian the certainty that the Bible is the ONLY absolute Truth. **Isaiah 42:9: Behold, the former things have come to pass, And new things I declare; Before they spring forth I tell you of them.**

THE LORD CANNOT LIE

In **Titus 1:2** we see that **"God cannot lie."** Men can. The Lord can't. We usually say the Lord can do anything/everything. There are some things, however, which He cannot do. He cannot lie; He cannot fail; He cannot break His Word.

The reason why the Lord does not lie is **not** because He is "too good" to lie, if this were so it could be reasoned that he **could** lie, but **won't**, but this is not the case. In actual truth the Lord won't lie, because He **can't**! James 1:13 tells us, that the Lord cannot even be tempted by evil! And Numbers 23:19 tells us, **God cannot lie, even though men can, because 'GOD IS NOT A MAN ....'** If we reason that He WILL not lie, we imply that He **could** lie, but because of His goodness He **WILL** not. However, the Word says 'GOD CANNOT LIE!" We read in **1 John 1:5 "....that God is light, and in Him is no darkness at all."**

The Lord is not a man that He should lie, men lie, but God is not a man that He should. **"NEITHER THE SON OF MAN THAT HE SHOULD REPENT ...."** Repent in this context means, to change one's mind. The Lord, therefore, is not a man that He should lie, neither the Son of Man that He should change His mind. Let us believe it in our hearts and confess it with our mouths, **"HE HATH SAID, AND HE SHALL DO IT! HE HATH SPOKEN, AND HE SHALL MAKE IT GOOD!!"**

THE WORD OF THE LORD IS FOREVER ESTABLISHED

There is yet another reason why The Word cannot be changed or altered. In **Psalm 119:9** the Psalmist assures us **"Forever, O Lord, Thy Word is settled in Heaven."** We read in 2 Pet. 1:21: **Holy men of God were moved by the Holy Ghost to speak,** but ages before this took place, according to Ps.119:9, His Word was already forever settled. The Word was established in the ages of eternity before time began. The same Word shall be unchanged when time shall cease and continue the same through endless ages.

"Forever, O Lord, Thy Word is settled in Heaven." That which was and is forever settled in Heaven, was communicated to men on earth. The Lord breathed upon them, inspiriting the written Scripture called the Holy Bible, making the words written, life and spirit to those who hear them, and health to all their flesh.

A further reason the Lord's Word cannot fail is due to the divine decree that the earth, as well as Heaven, would first have to pass away. Our precious Lord Jesus, says: **"Heaven and earth shall pass away, but My words shall not pass away" (Matt. 24:35).**

For verily I say unto you, Till heaven and earth pass, one jot or one title shall in no wise pass from the law, till all be fulfilled." (Matt.5:18).

To further show by the scriptures the unfailing oath of the Lord forever honoured by Heaven, we read in **Jeremiah 1:12, "Then said the Lord unto me, Thou hast well seen: for I will hasten My Word to perform it."** The marginal translation reads "watch over", rather than "hasten". The Lord is saying He will be quick to perform His Word in the lives of those who trust Him and believe His Word.

THE WORD IS ALIVE

"For the Word of God is quick and powerful, and sharper than any two edged sword, piercing even to the dividing asunder of soul and spirit, and of the

(Continued on page 8)

(Continued from page 7 - The infallible, living.....)

joints and marrow, and is a discerner of the thoughts and intents of the heart" (Heb.4:12)

Quick means alive. The Living Word, Jesus (Rev. 19:13), lives forever: **"after the power of an endless life." (Heb. 7:16,25).** The written Word which becomes Life and Spirit as the Lord reveals and shows it unto us, is alive. **"I will never forget thy precepts: for with them Thou has quickened me." (Ps. 119:93).** Or, ... **" by them You have kept me alive." "For they** (My Words) **are life ..." (Prov.4:22).** The Word that the Lord speaks is living and full of energy, aggressive and accomplishing the purpose for which it was sent.

"So shall My Word be that goeth forth out of My mouth: it shall not return unto Me void, but it shall accomplish that which I please, and it shall prosper in the thing whereto I sent it" (Isa. 55:11). His Word is living and what was spoken thousands of years ago still stands. It was recorded and spoken and given and still stands written, spoken, given and operative, for the Lord will still make it good to those who trust in it. The Word is not dead. The Word is that which is written, taken by the Lord and applied to us if we make it our own.

THE WORD IS POWERFUL

The Word of the Lord is powerful! **"Power belongs to God" (Psalm 62:11). "The voice of the Lord is powerful!" (Psalm 29:4).** Powerful means active and effectual. In other words, anything He says fully fulfils what He speaks! **"The Lord gave the Word" (Psa. 68:11)** and backs what He speaks with His unlimited, inexhaustible, unending power to make it completely good and openly manifested. **"He giveth power to the faint and to them that have no might He increaseth strength" (Isa. 40:29)**. **What He has promised He shall make good, according to the Word of the Lord" (Josh. 22:9).** After He exerts His power with a display of divine strength, He feels no weakness or drain of energy. **"Hast though not known? Hast though not heard, that the everlasting God, the Lord, the Creator of the ends of the earth, fainteth not, neither is weary? There is no searching of His understanding."**

THE WORD IS SHARP

Hebrews 4:12 tells us that: **"For the Word of God is living and powerful, and sharper than any two edged sword, piercing even to the division of soul and spirit, and of joints and marrow, and is a discerner of the thoughts and intents of the heart."**

Sometimes the Lord gives a cutting word, not for the purpose of destroying us, but rather to cleanse us. Notice the sharp corrections Christ gives the churches in Rev. Chapters 2 and 3. The Word, like a two edged sword cuts out the blemishes and excesses, making whole and perfect by removing hindrances in our walk. In **Eph. 6:17** we read that **"the sword of the Spirit, which is the Word of God."** Have you ever read something in the Word that has convicted you and caused you to put things right. The Lord speaks eternally saying, **EVERY WORD OF THE LORD IS PURE," (Prov. 30:5)** and, **"THE WORDS OF THE LORD ARE PURE WORDS: AS SILVER TRIED IN A FURNACE OF EARTH PURIFIED SEVEN TIMES," (Psa. 12:6).** Seven speaks of perfection. The Lord's Word is perfectly pure. Only Satan questions, "Can God's Word ever be impure or lewd?" Your must answer, "NO!" It is written and still stands written, **"THY WORD IS VERY PURE: THEREFORE THY SERVANT LOVETH IT: (Psa. 119:140)**

HIS WAY IS ALWAYS THE RIGHT WAY

The Lord has no other way, than that which His Word teaches. He is not double minded. There is no variableness with **"the Father of Lights". James1:17.**

Satan often attacks the thoughts of believers by causing doubt and unbelief in their mind. He brings doubt by whispering "Maybe the instructions in the Lord's Word could be wrong just once?" Then Satan continues: "Under most circumstances what the Word teaches is right and is what you should do, but this is a little different. The Lord understands that things have changed since He spoke the Word. Go ahead this time and do what everyone else does." Thus many Christians follow the instruction of the world (Satan) rather than the instructions of the Word (the Lord). No matter what you are facing at the moment or how hard the road may seem, regardless of every attack of the enemy or how bad the circumstance, in **every** situation, always choose the Lord's Word and His way ....

"FOR THE WORD OF THE LORD IS RIGHT ...." (Psa. 33:4)

Jesus said in **John 8:31-32: If ye continue in My Word, THEN are ye My disciples indeed; and ye shall know the truth, and the truth shall make you free".** In **Hosea 6:3** we read: **Then shall we know, IF we follow on to know the Lord".**

Psalm 103:7 says: **He made known His WAYS unto Moses, His ACTS unto the children of Israel.**

Herein lies an important truth, and that is, we can know His acts by witnessing His miraculous works, but we can only become knowledgeable of His ways by turning to Him and following Him completely in obedience to His Infallible Word. □□

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.